Finansiële hooftrekke

	Ongeouditeer 31 Maart 2010 R'000	Ongeouditeer 31 Maart 2009 R'000	Geouditeer 30 September 2009 R'000
Inkomstestaat			
Inkomste	1 401 445	1 352 001	2 274 091
Direkte besigheid	492 883	438 864	1 061 671
Waarde van sake gedoen	1 894 328	1 790 865	3 335 762
Verdienste			
Bedrywighede	57 269	77 907	98 355
Beleggings	47 540	93 222	175 796
	104 809	171 129	274 151
Per aandeel (sent)	42,55	69,60	111,43
Aangepaste wesensverdienste			
Bedrywighede	57 104	76 399	97 697
Beleggings	154 072	93 222	195 029
	211 176	169 621	292 726
Per aandeel (sent)	85,73	68,98	118,97
Staat van finansiële posisie			
Eiendom, aanleg en toerusting	299 660	265 879	286 985
Belegging in geassosieerde maatskappye	1 544 238	1 483 151	1 543 622
Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings	–	197	–
Uitgestelde belasting	1 810	768	1 661
Bedryfsbates	1 056 763	1 034 029	1 083 441
Bruto bates	2 902 471	2 784 024	2 915 709
Kapitaal en reserwes	2 219 183	2 081 926	2 165 984
Nie-bedryfslaste	16 577	20 465	19 349
Bedryfslaste	666 711	681 633	730 376
Totale ekwiteit en laste	2 902 471	2 784 024	2 915 709
Netto batewaarde per aandeel (Rand):			
– Ekwiteitsbasis	9,01	8,47	8,79
– Intrinsieke waarde na kapitaalwinsbelasting	10,56	7,32	9,50
Staat van kontantvloeie			
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	71 105	15 728	47 073
Netto kontantwins	100 118	107 592	167 690
Bedryfskapitaalveranderinge	(13 162)	(49 323)	(58 436)
Inkomstebelasting betaal	(15 851)	(42 541)	(62 181)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	30 429	23 840	14 724
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	(111 212)	(53 221)	(64 349)
Kontant en kontantekwivalente begin van tydperk	17 281	19 833	19 833
Kontant en kontantekwivalente einde van tydperk	7 603	6 180	17 281
Segmentele ontleding			
Segmentinkomste			
Handel en meganisasie	1 174 023	1 117 248	1 913 140
Produkte en saadverwerking	191 671	195 908	279 406
Ander bedrywe	35 751	38 845	81 545
Totale eksterne inkomste	1 401 445	1 352 001	2 274 091
Segmentresultate (Aangepaste wesensverdienste)			
Handel en meganisasie	64 565	70 867	91 582
Produkte en saadverwerking	14 966	27 003	29 793
Ander bedrywe	1 517	290	3 074
Totaal vir rapporteerbare segmente	81 048	98 160	124 449
Korporatief	(24 955)	(22 174)	(51 005)
Tesourie	22 993	30 258	60 275
Geassosieerde maatskappye	154 072	93 222	195 029
Aangepaste wesensverdienste voor belasting	233 158	199 466	328 748
Inkomstebelasting	(21 982)	(29 845)	(36 022)
	211 176	169 621	292 726

KAAP AGRI

WINSAANKONDIGING

VIR DIE SES MAANDE TOT 31 MAART 2010

Oorsig

Die verkorte finansiële state gee 'n oorsig van die groep se aktiwiteite, resultate en finansiële posisie vir die ses maande geëindig 31 Maart 2010.

Omgewing

Klimaatsfaktore was, met die uitsondering van laat reën teen die einde van die graanseisoen, normaal. Pryse vir produkte in die meeste bedryfsvertakkinge was egter teleurstellend en het boerderymarges onder druk geplaas. Internasionale graanpryse was laag, terwyl die sterker rand invoer- sowel as uitvoerpariteitspryse, wat produkpryse bepaal, onder druk geplaas het. Alhoewel die landbou-omgewing minder sensitief is vir korttermynskommelings, het die negatiewe ekonomiese omgewing inderdaad sy invloed in die afgelope periode getoon.

Aktiwiteite

Sedert die ooreenstemmende periode is 11 nuwe Agrimark en Pakmark takke gevestig, hoofsaaklik in Namibië en die Limpopo provinsie. Alhoewel hierdie takke tot die groei in omset bygedra het, het hulle soos verwag nog nie proporsioneel tot die wins bygedra nie. Hierdie nuwe takke plaas Kaap Agri egter in 'n gunstige posisie om sy aktiwiteite buite sy tradisionele bedieningsgebied uit te brei.

Agrilog, 'n ondersteuningsfunksie, is gevestig sedert die vorige periode en lewer intern 'n waardevolle diens met verkryging en logistiek van voorraad teen mededingende pryse.

Graanbemarking is daarop gemik om 'n eenstopdiens aan graanprodusente te bied en daardeur maksimum deurset en besetting van die silo-infrastruktuur te verseker.

Resultate

Bedryfsaktiwiteite

Totale omset, wat die waarde van direkte transaksies insluit, het toegeneem met 6%, terwyl die inkomste, direkte transaksies uitgesluit, met 4% toegeneem het. Hierdie toename is feitlik volledig toe te skryf aan die nuwe takke. Marges was egter onder druk weens die strawwer ekonomiese omgewing, sowel as prysverlagings by sommige van die groter produkreekse. Wesensverdienste uit bedrywighede het afgeneem met 25% tot R57,1 miljoen.

Handel, wat die handelstakke en pakmateriaalverspreiding insluit, se inkomste het marginaal toegeneem teenoor die ooreenstemmende tydperk. Weens druk op marges, waarna vroeër verwys is, was wins egter 13% laer as die ooreenstemmende tydperk. Meganisasie, wat heelgoederebemarking, onderdele en werkswinkels insluit, het uitsonderlik presteer met 46% toename in inkomste en die wins het meer as verdubbel. Produkte, wat graanhantering en -opberging insluit, sowel as saadverwerking, se inkomste was feitlik onveranderd, maar wins was 45% laer as die ooreenstemmende periode. Dit is toe te skryf aan laer premies wat in die stram mark behaal kon word, sowel as die kleiner oes wat minder hantering en opberging tot gevolg gehad het. Agriplas besproeiing het bevredigend presteer met laer inkomste maar hoër wins.

Die korporatiewe afdeling verteenwoordig die koste van ondersteuningsdienste. Die groter as inflasietoename is toe te skryf aan 'n verhoging in die voorsiening vir slegte skuld. Die afname in netto rente ontvang is weens die verlaging in rentekoerse wat rente-inkomste negatief beïnvloed het.

Beleggingsaktiwiteite

Pioneer Voedsel, waarin Kaap Agri 'n 32% ekonomiese belang hou, se omset het gedaal met 5%, hoofsaaklik weens deflasionêre druk op en vermindering in voedselpryse. Weens laer grondstofpryse en bestuur van bedryfskostes het bedryfswins egter toegeneem met 42%. Pioneer Voedsel het 'n voorsiening vir R350 miljoen geskep vir moontlike boetes ingevolge die Mededingingswet. Pioneer Voedsel is tans nog besig met onderhandelinge met die kommissie en die aangeleentheid word verder verduidelik in Pioneer Voedsel se eie tussentydse state sowel as ander aankondigings. Weens die onsekerheid rondom die aangeleentheid het Pioneer Voedsel geen tussentydse dividend verklaar nie.

Die opgesomde resultate is soos volg:

	Ses maande tot 31 Maart 2010 Ongeouditeer	Ses maande tot 31 Maart 2009 Ongeouditeer	12 maande tot 30 September 2009 Geouditeer
Verdienste (R miljoen)	**155**	297	561
Aangepaste wesensverdienste (R miljoen)	**494**	297	621
Aangepaste wesensverdienste per aandeel (sent)	**280,1**	169,9	355,4

Aangepaste wesensverdienste verteenwoordig die verdienste uit bedrywighede voor die voorsiening vir moontlike administratiewe boetes. Pioneer Voedsel verwag nie dat die tempo van groei vir die res van die jaar dieselfde sal wees nie, maar dat die reeds behaalde groei minstens vir die jaar sal geld.

Totaal

Die totale geëkwiteerde wesensverdienste van die groep het met 40% afgeneem tot R101,2 miljoen. Die aangepaste wesensverdienste is 24,5% hoër as die ooreenstemmende tydperk en die aangepaste wesensverdienste per aandeel was 85,73 sent teenoor die ooreenstemmende periode se 68,98 sent. Die impak van die voorsiening by Pioneer Voedsel op Kaap Agri se resultate, waarna vroeër verwys is, is R110 miljoen, of 41,07 sent per aandeel.

Staat van finansiële posisie (Balansstaat)

Die toename in eiendom, aanleg en toerusting is weens opknappings en verbeterings in die gewone loop van besigheid.

Die belegging in geassosieerde maatskappye bestaan hoofsaaklik uit die belegging in Pioneer Voedsel wat getoon word teen die geëkwiteerde waarde, wat neerkom op R27,76 per aandeel, teenoor die huidige verhandelingswaarde van R39 per aandeel.

Bedryfsbates het marginaal toegeneem, ondanks uitbreidings en nuwe takke wat geopen is. Dit is egter in lyn met die toename in besigheid en 'n aanduiding dat, ondanks moeiliker handelsomstandighede, die bestuur van bedryfsbates, en spesifiek voorraad en debiteure, onder beheer is.

Kontantvloei

Die kontantvloei van die groep is positief weens die kontantwins uit bedrywighede, sowel as verantwoordelike bestuur van bedryfskapitaal. Die groep beweeg gemaklik binne sy beskikbare finansieringsfasiliteite.

Risikobestuur

Na aanleiding van die Mededingingskommissie se fokus op landbou- en voedselaktiwiteite en as deel van verantwoordelike korporatiewe bestuur het Kaap Agri se direksie die groep se regsadviseurs versoek om 'n voldoeningsoudit te doen ten opsigte van die nakoming van sekere regulatoriese aspekte binne Kaap Agri se besigheid. Aanbevelings word tans oorweeg en waar dit nodig is sal skakeling met die regulatoriese owerhede plaasvind.

Dividend

'n Tussentydse dividend van 2 sent per aandeel sal om en by op 17 Junie 2010 betaal word. Die laaste dag vir verhandeling is 31 Mei 2010.

Vooruitsigte

Omgewingsfaktore lyk tans normaal vir 'n goeie plantseisoen. Swak pryse gaan egter wel 'n beduidende invloed hê op hektare koring geplant, sowel as vervangings en uitbreidings van ander langtermyngewasse.

Kaap Agri verwag dus nie 'n groei op die resultate van die laaste ses maande van die vorige boekjaar nie, alhoewel die hoop bestaan dat dit minstens geëwenaar sal kan word. Weens die seisoenale aard van kliënte se aktiwiteite word die wins nie eweredig deur die jaar verdien nie en sal die wins vir die eerste ses maande na verwagting nie in die laaste ses maande herhaal word nie.

GD Eksteen
Voorsitter

CA Botha
Besturende direkteur

Raad van direkteure: Nie-uitvoerend: GD Eksteen (Voorsitter), ASM Karaan (Ondervoorsitter)
FA du Plessis, BS du Toit, NC Loubser, HS Louw, CA Otto, HM Smit, JH van Niekerk
Uitvoerend: CA Botha, JJ Matthee, S Walsh
Besigheidsadres en geregistreerde kantoor: Voortrekkerweg 65 | Malmesbury 7300
Groepsekretaris: RH Köstens | Voortrekkerweg 65 | Malmesbury 7300
Aandele-oordragkantoor: Posbus 13 | Porterville 6810
Kaap Agri Beperk en sy filiale Reg no 2007/015880/06

www.kaapagri.co.za

GREYMATTER & FINCH 5130